NUUSBRIEF VAN DIE VVK:

AFSKEIDSGROET

van Paul Kruger

voormalige Voorsitter van die VVK-Sentrale Komitee

en Tim van der Westhuizen

stigterslid van die VVK

Die Skrif leer ons dat daar ‘n tyd is vir alle dinge – ook ‘n tyd om gebore te word, en ‘n tyd om te sterwe. Ek is op 6 September 2017 onverwags met beenmurgkanker gediagnoseer, en my liggaamskragte het die afgelope weke in ‘n steil kurwe afgeneem. Om met my normale pligte (ook dìè as Voorsitter van die VVK se Sentrale Komitee) voort te gaan, is nie meer moontlik nie.

My ou kameraad in die stryd (mede-lid van die Sentrale Komitee en mede-stigterslid van die VVK) Oom Tim van der Westhuizen, is reeds ver gevorderd in jare en sy gesondheid het ook sterk agteruitgegaan die afgelope tyd. Ons dank hom van harte vir die lange dekades wat hy in belang van volksvryheid gearbei en opgeoffer het.

In die lig van al voorgaande is ‘n vergadering van die VVK se Sentrale Komitee byeengeroep op Saterdag, 7 Oktober 2017 uit welke geledere ‘n nuwe Voorsitter eenparig aangewys is. Beide ekself en Oom Tim het die tuig neergelê en sal voortaan slegs in adviserende hoedanigheid optree indien- en wanneer dit deur die VVK versoek mag word.

Die afgelope 10 jaar was jare van inspanning, harde werk en opoffering maar ook jare waarin ek bevoorreg was om hoogtepunte in ons volksstryd te kon beleef en paaie te

kruis met die wonderlikste volksgenote regoor Suid-Afrika. Ek dank elkeen van julle uit die diepte van my hart.

Intussen durf die VVK die volgende fase aan. Ek het volle vertroue in die lede van die Sentrale Komitee wat die werk voortsit en in Christo Snyman, aan wie ek die leisels oorgee as nuwe Voorsitter van die Sentrale Komitee. Christo is ‘n sakeman op Postmasburg wat ook boerderybelange het onder meer in die Vrystaatse Boshoff-distrik; ‘n Boer in murg en been, en onlosmaaklik verbind tot die ideaal van vryheid en onafhanklikheid vir ons volk. Sy kennis en ondervinding van bemarking; sy vars idees en sy talent om inisiatief te neem, sal die VVK juis nou - waar die juridiese aspekte afgehandel is en ‘n nuwe groeifase geloods moet word - uiters goed te pas kom.

Die Volksraad het voorverlede naweek saam met die VVK se Sentrale Komitee vergader, waar besluit is dat die mosies of voorstelle wat op die afgelope volksvergaderings ingedien- en aanvaar is, die buitelyne van ‘n nuwe Volksraad-mandaat sal vorm. Heelparty setels op die Volksraad gaan vakant raak, te oordeel aan huidige Volksraad-lede wat aandui dat hulle plek wil maak vir nuwe lede. Dit beteken dat ‘n nuwe VVK-verkiesingsveldtog vroeg volgende jaar van stapel gestuur gaan word. Mag ons Vader die nuwe era wat aanbreek se werksaamhede seën, soos wat Hy dit sedert 2007 gedoen het.

Tot weersiens;

Paul Kruger.

30 September 2017